# DIE DIENS VAN DIAKEN VANDAG

## 1. Niks nuut nie

Dit is onmoontlik om vandag te probeer voorgee dat daar nog iets nuuts oor die diens of amp van die diaken gesê kan word. Wanneer 'n mens in die jongste publikasie na die goeie lesings kyk wat voor die konferensies van 1974 en 1975 gedien het, wil 'n mens eerder vra: Hoe is dit moontlik dat daar nog iemand gevra word om oor die diakens en hulle diens te praat?! Moet die diakens nie liewer nou begin praat en sê wat hulle met die goeie leiding gemaak het nie?

Ek het onder die indruk gekom dat die lesings van 1974 en 1975 juis so opgestel was, dat belangrike beginsels aangedui en op grond daarvan pragtige lyne na die praktyk getrek is. Daarmee kon ek weinig fout vind — behalwe die vraag: Hoekom bly selfs die praktiese riglyne vir die diakens per slot van sake nog teorie? Waarom realiseer so min van die teorie wat op die konferensies gebied word, in die praktyk van die plaaslike kerke? 'n Mens wil vra: Was die lesings en „besinning" oor die diaken „amp" op konferensies oorspronklik net as 'n suikerlagie aangebied om 'n geleentheid te skep waar die verslae oor die tehuise iewers op 'n tafel kon kom? Die diakens mag nie „teorie" en „praktyk" so skei dat die teorie in publikasies en die „praktyk" in tehuise bly steek nie.

Hierdie kritiese vrae is opreg en eerlik bedoel. Dit is relevant tot die diens van diaken „vandag" in die plaaslike kerkverband en in die verbande tussen plaaslike kerke.

## Werkloos in 'n stereotipe patroon?

Is daar nie oor jare dalk 'n stereotipe patroon gevorm waarin eintlik net twee pole figureer nie: die plaaslike pool alwaar die diakens vandag eintlik „werkloos" geraak het of die staat die geleentheid vir „barmhartigheidsdiens" eintlik weggeraap het en 'n sogenaamde „sinodale" („Deputate") pool waar met strukture van kinder- en ouetehuise gehandel word en eintlik „besture" optree om staatsubsidies te bestee? Die diakens word in laasgenoemde geval hoogstens bygeroep om finansieel te sustenteer. 'n Eie taak en werkbetrokkenheid volg nie daaruit nie.

Ek wil hoegenaamd nie kleineer wat die tehuise al gedoen het en doen nie. Tog dink ek dat die „sustenterende" rol wat diakens ten opsigte van hierdie strukture speel, hulle nie werklik boei nie. Hulle bly dus ook (behalwe vir die aanstuur van „sustentasie" vir 'n bussie, swembad, meublement of iets dergliks) ten diepste selfs hier „werkloos").[1] Daaruit volg die pleidooi ook dat die patroon van die Gereformeerde Stigting die diakens meer plaaslik betrek.[2]

Die diens van diaken verkeer vandag in 'n krisis: dit frustreer dié wat die formulier aanhoor en daarop antwoord. Die gemeente kan die diaken eintlik slegs sinvol assosieer met huisbesoek wat met die oog op instandhouding van die erediens plaasvind — of

dikwels dalk met versuim van huisbesoek met hierdie doel! Hoeveel gereformeerde lidmate het in 'n leeftyd een sinvolle huisbesoek van 'n diaken „iewers" gehad, alwaar hy ingelig, voorgelig en opgeroep is om in sy christen- en gereformeerd-wees waaragtig 'n „barmhartige" te wees?

## 2. Om net enkele drade op te tel

2.1. God het in *barmhartigheid* 'n volk en kerk uitverkies tot die ewige lewe en aan hulle Christus as 'n hoof, en koning gegee (Ef. 1 : 22). Hierdie volk of heilige algemene christelike gemeente wat die liggaam van Christus is, word konkreet werklik gesien in die plaaslike kerk.

2.2. Christus is *Koning van en in die Kerk.* Waar hy regeer is sy koninkryk aanwesig, al is dit nog onvolmaak. Waar Hy nie regeer nie, is sy koninkryk afwesig. Dit geld ook vir die diens van die diaken vandag.

2.3. Hierdie *gemeente (kerk) bestaan uit gelowiges,* christene, (ook genoem „barmhartiges" — Matt. 5 : 7) wat deur die geloof deel het aan en saamgebind is in die Here Christus. — Hulle deel na Pinkster in sy salwing met die Heilige Gees. Die Kategismus tipeer die salwing in Sondae 12 en 21 as gemeenskap aan al die skatte en gawes van die Here Christus. Dit het veral met die drie „ampte" van koning, profeet en priester te doen. Om christen te wees is dus om koning, profeet en priester *te wees.* Dit kan jy net wees wanneer jy al die tyd *doen:* werke van profeet, priester en koning doen. So het hulle ook 'n taak teenoor mekaar, die gemeenskap van die gelowiges. So word die Here gedien en verheerlik en so kry die mens se lewe 'n nuwe inhoud en sin.

2.4. In Ef. 4 : 11 e.v. is dit duidelik dat die Here die *opbou van die gemeente* beoog. „Opbou" impliseer groei, beweging en werk soos by 'n bouery. Gevolglik het Hy ook uit die christene sommige geroep om bepaaldelik voor te gaan en die christene te lei en te vorm. Die Here het bepaalde mense met hulle gawes en gebreke as gawes aan die christene in bepaalde dienste (ampte) gegee om met hulle dienswerk die gemeente steeds meer te maak wat „gemeente" is: eenheid, gemeenskap, lewende, groeiende, bewegende organisme in die Here. Die predikant, ouderling en diaken het elkeen 'n funksie wat op hierdie kerk-wees en wesenlike van die kerk gerig is. Daar kan onderskei word tussen die funksies maar daar kan nie skeiding wees nie, omdat dit een liggaam is.

2.5. Uit Hand. 6 is duidelik dat die apostels oorspronklik in een diens alles gedoen het. Toe dit te veel geword het, het hulle *'n bepaalde diens,* die bediening van die tafels ingestel omdat die gemeente *een* moes wees en dit nie meer was nie omdat murmurering ontstaan het. Die diens moes die murmurering wegneem, die eenheid herstel en die bediening aan die tafels laat vlot.

Die gemeente as gemeenskap word vandag nuut waardeer in teorie en teologie, ook in die lesings wat voor diakens gelewer word.[3] Dit is goed. Maar die kerk as gemeenskap word nie vandag konkreet beleef nie. Die kerk hang in baie opsigte slegs lossies saam rondom die roeping om saam te kom en behoefte by elkeen om die Woord

gepreek te hoor. Die „kerk" word in ons tyd feitlik uitsluitlik „instituut" en die „organisme" is latent, rustend of dood! „Kerk" het 'n naam geword wat een oomblik 'n dominee se taak, die ander oomblik 'n sinode, die volgende oomblik 'n diakenfunksie en selfs 'n inrigting aandui.

## 3. Die aanklag vandag teen die kerk

Die „kerk" word vandag verwyt deur die marxiste en neo-marxiste dat dit 'n preek-kerk is en nie 'n doen-kerk nie. Die inhoud van die prediking sou selfs dikwels vreemd aan die konkrete lewe van die mense wees. Die „kerk" het „hom" vereenselwig met die kapitalisme (so sê hulle) en kerkmense (wat die kerk is) trek hulle van die armoede en lyde in die wêreld niks aan nie.

Die Metodisme roem dat dit nie 'n godsdiens van teorie en belydenisskrifte nie, maar van dade is. Dit het die vloer in ons tyd met die Wêreldraad van Kerke geneem. Die „social gospel" het 'n politieke evangelie geword. „Verlossing" word nuut vertaal as „verlossing uit armoede en ellende".

Tipies van die goed deurdagte strategie van die kommuniste, het die neo-marxisme (en die marxisme!) die sentrale diakonale liggame van kerke infiltreer en beweeg om enige vorm van rykdom met verdrukker en enige vorm van armoede met onderdrukking te assosieer. So verwerf die neo-marxisme die steun, moreel en finansieel, van diakonale instellings en fondse. Ek kan hier verwys na die Algemene Diakonale Buro's van die GKN en NHK (Nederland) wat hulle vierkantig ingewerp het agter linkse politieke „bevrydingsbeweginge" omdat hulle bydraes sou help om mense uit armoede en „verdrukking" op te hef. In die afgelope week het die pers berig dat ook die Christelike Instituut (wat deur die WRK in S.A. in die lewe geroep is en vanuit dieselfde Nederlandse oorde sterk steun ontvang) hom doelbewus en openlik vereenselwig het met politieke beweginge soos die ANC, PAC ens.

Die terrein waarop die diaken geroep is om die gemeenskap binne die gemeente, tussen gemeentes (kerke) en selfs na buite te bou, is dus vandag geestelike operasionele gebied van die neo-marxisme. Die WRK is die „brein" en diakonale instansies van „kerke" die gewillige dienaars en divisies in die stryd. Agter die skemas sit berekende en gerigte strategie. Die aanvalle is beplan, skerp en effektief.

Wat antwoord u en ek — en veral u diakens as die CI u sou verwyt dat u u niks aantrek van die nood — selfs van ander swart of bruin gereformeerdes nie — omdat u u slegs vereenselwig met die blanke en kapitalistiese ekonomie? Hulle sal byvoeg dat u daarmee aan die kant van die onderdrukkersklas staan en met rassediskriminasie 'n bevoorregte klas in die lewe hou. Wat u en ek as ons eie volk, ras, kerk of wat ook al sou wil aansien, is vir hulle eenvoudig onheilige „klasse"-indeling, wat opgehef moet word in een internasionale sosialistiese broeder- of kameraadskap. In hierdie imperiale en sosialistiese eeu raak begrippe soos „nasionaliteit", plaaslike kerk, diakonie, ens. al meer onpopulêr.

## Die teenkerk van die marxisme

Die neo-marxisme het egter inderdaad ook 'n gemeenskap, 'n eenheid — net soos die eenheid van die universele kerk — op die oog. Hierdie gemeenskap, wêreldwye-sosialistiese broederskap, internasionale eenheid, wat alle ongelykheid in inkomste, alle vorme van „klasse" soos volkeverskeidenheid, ondernemers- en besittersklas, alle vorme van rykdom, kulturele afsonderlikheid, alle vorme van individualiteit soos plaaslike kerk en plaaslike diakonie weg wil doen, rig hom net op hierdie wêreld, op die materiële, die liggaamlike (wat die Bybel dikwels as „vlees" aandui). Dit is daarom horisontaal, maar appelleer nietemin op iets wat vir elke mens baie belangrik is: die materiële.[4]

Wanneer die kerk daarteenoor sou sê dat hy net „geestelik" is, en net op die hiernamaals gerig is en slegs 'n gemeenskap met die oog op 'n latere lewe is — sê die kommuniste prontuit: so 'n godsdiens is 'n verdowingsmiddel, opium wat die verdrukkersklas d.m.v. godsdiens vir die onderdruktes inskink om verdrukking aan die gang te hou.

As u iets voel van hoe onrustig, hoe krapperig, hoe u miskien selfs onseker raak voor hierdie aanval — begryp u miskien waarom „kerke" in Europa gemeen het dat hulle slegs deur oral in die wêreld waar daar honger of armoede is iets te probeer doen, 'n antwoord kan gee op die kommunisme. Nou, na 'n paar tientalle jare, meen ek dat die Wêrelddiakonaat met baie kerklike offers, horisontaal en materialisties die gemeenskap van die neo-marxiste, 'n wêreldkameraadskap, 'n nuwe „geestelike"-gemeenskap gebou het. Die heilige algemene christelike gemeenskap, die universele en plaaslike kerk, het van hierdie „diaken"-werk min of niks gebaat. Die „kerk" het met diakens gebou aan die teen-kerk, die na-aap-kerkgemeenskap van die sosialistiese wêreld. Blote wêreld-aksies, nuwe fondsstrukture, blindweg geld oor die wêreld stuur, gesentraliseerde diakonale buro's en strukture, het geen of weinig positiewe waarde vir ware kerkgroei en kerkbou oor die wêreld geopenbaar.

## Die uitdaging van die neo-marxisme

Tog moet 'n mens ook hier weer krities 'n pynlike stelling maak: Dit skyn asof die neo-marxiste, enersyds in beplanning en strategie — maar ook in offervaardigheid, vrygewigheid en altruïsme, die tradisionele kerkgemeenskap beskaam. As hierdie stelling waar is, moet die diakens hulle dit aantrek. In terme van Ef. 4 het hulle dan gefaal om die gemeente van die Here te lei, inspireer en op te bou tot 'n lewende gemeenskap wat ook doen, offer en kan gee. Moontlik het ons verlede, ons landsomstandighede, die ou plattelandse tradisie met sy droogtes en depressies, ons individualisme 'n stempel op ons mense gedruk: om vir hulleself te sorg sodat hulle moeilik betrokke raak by die nood en behoefte van ander. Stoflike behoefte is as 'n soort „skande" beskou. Ons kultuur het die enkeling en selfvoorsiening swaar benadruk.

Die tydgees onder druk van neo-marxisme en sosialisme, dwing egter nou juis 'n *ander* en veral nood uit die Derde Wêreld aan ons op. Vir die sosialisme bestaan daar eintlik geen individu of

enkeling nie. Sosialisme hef juis die persoonlike vryheid, verantwoordelikheid en inisiatief op. Jou naaste liefhê soos „jouself", ken hulle nie. Die liefde vervang hulle met die verdeling van goed: jy moet net so veel ontvang soos jou medemens, of jy werk of nie. Jy het *reg* op gelyke loon, gelyke inkomste, want almal het *gelyke reg* as mens op die aarde. Die staat moet daarvoor sorg, gelyk verdeel en voorsien. Dan is niemand arm nie. Daar moet nie meer in terme van „ek" en „myne" geredeneer word nie, maar in terme van *„ons"*.

Ek wil hierdie moderne „gees" dus so saamvat: In die neomarxisme is 'n totale nuwe en ander vorm van gemeenskap onder mense in aantog. Dit opereer juis met en gebruik die middele en verskynsels wat in die kerk van Christus op die terrein van elke christen en die diakens val. Dit kom met sterk verwyte dat die kerk 'n onbetaalde rekening het: 'n praat-kerk en geen doen-kerk is nie. Dit beloof dus ook aan die wêreld 'n ander „kerk" in die anti-kerk, die wêreldwye mensegemeenskap.

Ons het nie meer met ou heidendom of blote teorieë te doen nie. Hierdie konkrete nuwe en teen-kerklike gemeenskap daag vandag elke christen en elke diaken uit. Sosialisme is die evangelie van die teen-kerk wat hy maklik in „kerktaal" vertaal! Dan lyk hy so mooi soos 'n lam! So mooi soos die vrederyk waar gelykheid, reg en broederskap gemeenskap hou!

Wat is hierop u antwoord?

## 4. 'n Paar slaggate waarin die kerk vasgeval het

4.1. *Eng-patroon.* Die diakens het oorspronklik toe die kerk nog gemeente was te doen gehad met die kerk as gemeenskap en het hulle diens met stoflike gawes vervul — of ons die diakendiens nou al op die armes, siekes, instandhouding van die erediens, of wat ook al rig. Gedurende die Reformasie is die kerk en diakens baie sterk op die *armes* gewys. Ons formulier vir bevestiging het selfs sonder om te blik of te bloos die begrip *armes* in die plek van *tafels* gaan lees waar Hand. 6 aangehaal word. Ons diakens het met die begrip „barmhartigheid" so geopereer, dat hulle nooit eintlik geneë was om „barmhartigheid" te doen as daar nie by 'n „geval" (individueel) armoede of sub-ekonomiese toestande bewys kon word nie. Diakenwerk sit dus gevang in hierdie eng-patroon van *armes*, sekere individue binne die gemeente.

Maar let op: Die gereformeerde tradisie het die diakens dus gerig op presies dit waarop die neo-marxisme vandag ook aanval! Die diakens moet dus of met die neo-marxisme saamwerk (soos in Europa gebeur) — of die diakens moet juis die neo-marxisme vandag tegemoettree en die gemeente weerbaar maak. Hiervoor sal 'n kritiese studie van die neo-marxisme, helder voorligting vir die lidmate, beplanning van 'n teen-offensief, werwing van gemeente-aktiwiteit en veral konkrete dade nodig wees. Die teenstand en teenoffensief sal in nuwe werke en skemas — en nie in referate nie — geskrywe moet word. „Deputate-groepe" mag die gewete salf, maar sal weinig in teenoffensief uitrig.

As u langer sê dat die diakens „werkloos" geword het omdat

die staat „armoede" in u gemeentes opgehef het, gaan die neo-marxiste u voor in die koninkryk van hierdie wêreld. Hulle gaan groei ten koste van die koninkryk van God, omdat hulle self onder mense aktief is met die evangelie wat sogenaamd „die arme en geringe ophef, maar neerslaan wie verdruk".

4.2. *Isolasie.* Ek sou ook graag op die slaggate van *isolasie* wou wys. Ek weet die „Doppers" is dikwels beskuldig dat hulle hulle struktureel isoleer: nie hiermee of daarmee wil saamwerk nie, hulle eie universiteite, teologiese skole ens. stig, wars is van kollegialistiese imperiums ens. Daar het ek vrede mee. Ek hou nogal van isolasie wanneer dit met identiteit en waardes te doen het. Die teendeel van isolasie is nie saamdoen met ander en verlies van identiteit nie, na-aap of opgaan in groter skemas en strukture en organisasies nie. Ek het al talle pleidooie vir aansluit by, of saamwerk met iets anders gehoor wat juis op isolasionisme gegrond is. Wanneer jy byvoorbeeld samewerking met 'n ander bepleit omdat die Geref. „Kerk" anders alleen of buite sou bly staan, soek jy pragmatiese samewerking ter wille van wat dit vir jouself en jou eie beteken. Dit is nog isolasionisties. Daarom dra so 'n argument geen gewig nie.

'n Mens kry die indruk dat gelowiges en gemeentes dikwels net vir hulself bestaan. Hulle kan net vir 'n eie kerkgebou, 'n eie dominee se onderhoud, eie armes, eie inrigtings offer. (Hierdie isolasie geld nie net finansieel nie, maar is ook in ander opsigte merkbaar, bv. sedert 1859 was „ons" tevrede met wat ons het en „ander" kon maar bly wat hulle was; as „ons" bediening het, gaan ander se bediening ons nie aan nie; mense met gemoedsbesware oor bv. kelkies by nagmaal, is kerklik nie opgeneem nie omdat hulle liewers hulle „eie huis" moes regmaak, ens.)

Die diakens het veral swaar gely onder hierdie isolasie. In 1974 en 1975 het ds. C. J. Smit, ds. A. S. Heystek en dr. Van Wyk de Vries op die konferensies gepleit dat die diakens wyer moet kyk, 'n oog op die swart kerke moet rig, ander vorme van „nood" soos vereensaming in die moderne samelewing moet raaksien, kerklike gemeenskap moet konkretiseer, ander vorme van hulpbetoon en gemeenskapsoefening moet beproef en nie net 'n aalmoes in die sub-ekonomiese sfeer van eie kerk as „ampswerk" beskou nie. Elke diakonie moet aktiwiteit en inisiatief aan die dag lê en nie net reageer op wat van „sinodale deputate" kom nie. Diakens staan dikwels verleë met alles wat van „buite" kom, wat nie gemerk is as „ons syne" of inpas in die „gewoonte" of institusionele patroon nie. Die diakens openbaar eintlik deurgaans 'n baie passiewe beeld in elke kerk, neem weinig inisiatief behalwe op geykte patrone soos bv. die oprigting van een of ander soort van tehuis.

4.3. *Geïsoleerde „diakonieë".* Ek gaan nog meer waag en beweer dat die diakens hulle selfs nog weer isoleer binne die kerk (gemeente) wat soos hierbo gesê is alreeds tot isolasie geneig is. Ek bedoel hiermee dat die diakens in die kerk op 'n manier, gewoonlik deur middel van eredienskollektes, 'n fonds of kas styf en daarna in 'n geïsoleerde vergadering besluit hoe hulle die buit tussen

verskillende kerklike instansies, meestal op omsendbriewe van „sinodale deputate" verdeel. Die gemeente weet nie en voel nie presies waarvoor hulle offer nie. Die eredienskollekte dra selfs die naam „diens van barmhartigheid". Geen lidmaat of gemeente kan so 'n „diens" konkreet voorstel en werklik daarby betrokke raak nie. Wat in teorie die diens van die gemeente is, word in praktyk die geïsoleerde diens van 'n klein kollege diakens. Dit sentreer sterk om die spil *„ons-eie"*, „ons-diakonale kas".

Die diakens staan ook grootliks geïsoleerd ten opsigte van die kerkraad en klassis. In die plek hiervan fungeer enersyds die konferensie van diakens en andersyds 'n eienaardige hierargiese kerkverband onder die naam van Sinodale Deputate vir Diakonale Sake.[5] Die jongste sinode het nog weer, op vir my onduidelike gronde en moontlik maar vanuit sekere tradisionele struktuurbegrippe, een moontlike vorm van ordelike diakonale verband afgewys. Die negatiewe besluit laat die diakens dus kerklik geïsoleerd bly, omdat hulle nêrens met selfstandigheid en in eie kerklike regsposisie kragtens hulle eie roeping mekaar in kerkverband tot hulp kan wees nie. Hulle moet verlief neem met 'n verband wat nie op die Kerkorde steun nie. Ek wil nie hase opjaag nie, maar glo dat wanneer 'n sinode nie sy eie deputate volgens art. 49 KO kan aanwys nie, maar in stryd met art. 49 KO die benoeming van sinodale deputate verwys na ander kerklike vergaderings, of afhanklik maak van funksionarisse van mindere kerklike vergaderings, dan word die Sinodale Deputate vir Diakonale Sake as 'n vorm van diakonale verband bedoel. Dit word dan egter hierargies en kollegialisties in plaas van uit die plaaslike kerke gebou. Hoe 'n Sinode selfs vir drie jaar vooruit 'n „welomskrewe opdrag" kan gee om uit te voer (art. 49 KO), lyk vir my onmoontlik en verlammend. Die diakens is geisoleer binne die plaaslike kerk en word dan weer buite plaaslike kerk en klassis om op sinodale vlak in 'n deputasie gekombineer. Die struktuur dra sekerlik by tot die gebrek aan inisiatief om nuwe terreine te ontgin. Dit laat weinig ruimte vir vryheid, eie ontplooiinge en patrone volgens streeksbehoefte en insigte. Moontlik gevoel die diakens nie die sekuriteit vir die uitoefening van hulle diens wat byvoorbeeld die ouderlinge en veral die predikante het nie. Die vrees om 'n fout te maak, kan verder bydra dat liewers niks gedoen word nie. Die huidige struktuur kom immers plaaslik vry maar origens sentraal gedomineerd voor.

4.4. *Institusionalisme.* Die geïsoleerde posisie van die diakens kan nie losgedink word van oormatige *institusionalisme* en *formele struktuurdwang* nie. So was dit byvoorbeeld gebruiklik om te sê dat die diakens bedien die priesterlike, die ouderlinge die koninklike en die predikant die profetiese „ampte". Predikante kon dan egter taamlik koninklik en die ouderlinge soms goed profeties as oefenaars, voorlesers, katkiseermeesters ens., optree — maar die diaken moet net nie „koninklik" optree en regeer nie! Hierdie soort kompartementele teologie hou nie rekening met die eenheid van die mens, christen en gemeente nie. Elke dienaar, ouderling of diaken, is tog 'n christen en daarom ook koninklik, priesterlik en profeties betrokke by alles wat op sy pad geplaas word. Wat help 'n diaken

wat nie profeteer of nie kan oordeel en besluit nie? Of wat help 'n ouderling wat nie priesterlik bewoë kan regeer nie? Is „regeer" in 'n eie afgebakende en bepaalde diens nou kwansuis „regeer" wat die ouderling verdring? Hoekom vereis 1 Tim. 3 : 12 dat diakens goed moet kan „huishou", d.w.s. regeer? Ongenuanseerde kompartementjies en allerlei veralgemenings het die diakens dikwels lamgelê.

'n Mens sou verder kon gaan en aantoon dat talle diakonale werksaamhede eintlik in die naam van en ter wille van die instituut gedoen word. So word soms aan 'n behoeftige gesê dat „die kerk" aan hom soveel per maand gee, of oproepe word gedoen vir die „inrigtings van ons kerk". Die institusionele dring hom so sterk op die voorgrond dat dit moeilik gaan om daaragter nog Christus te ken.

4.5. *Sekularisasie.* Die diakendiens het in baie opsigte *verhorisontaliseer, gesekulariseer* en *gehumaniseer.* Met hierdie begrippe bedoel ons maar net dat talle diakenwerksaamhede nie in verband met God en Christus en vanuit die eenheid in Christus aangedien kan word nie. Die werk lyk soos enige ander liefdadigheidswerk waarin die mense wat bestuur, die gawes afdra en die mense wat ontvang op die voorgrond staan. Diakens ly gewoonlik aan 'n onvermoë om die stoflike gawe en middel waarmee hulle dien as 'n *gawe van God* met 'n evangelie-inhoud te vertolk en aan te wend. Diakenwerk wat sonder 'n evangelie-boodskap gedoen word, is dood, al is dit hoe mooi georganiseerd. Jakobus lê in sy Brief besonder nadruk daarop dat 'n mens *geloof in werke sien.* Besit ons diakens die vermoë om geloof in werke uit te druk? Druk ons ons geloof in die eenheid van gereformeerdes, ongeag volk en ras, ook doelbewus diakonaal uit? Is ons as Westerlinge, Afrikaners en Gereformeerdes nie geneig om te vormlik, te geroetineerd en te veel volgens gewoonte te handel nie?

Onlangs het van dr. J. A. Schutte se hand *„Want Ek het honger gehad en julle het my nie te ete gegee nie"* (Pro Rege) verskyn. Daarin wys hy dat blankes en kerke nie die nood oor volksgrense maklik „amptelik" raaksien nie. Jesus identifiseer Hom egter met die noodlydendes. Wat doen ons? Het ons christelike handreiking ook by die erediens net vorm geword? Juis in die goederegemeenskap deur liefde het die eerste gemeente 'n boodskap wat totaal anders klink as die neo-marxisme wat goederegemeenskap met staatsdwang afdwing. Hy haal 'n sekere prof. De Vos aan wat sê dat hy in 500 preke „baie min van die liefde tot die naaste gehoor het" (p. 29). Predikante staan dus met die saak verleë. Hierdie boekie met sy Skrifgegewens moet gelees word deur elke dominee en diaken — al stem mens nie met alles noodwendig saam nie.

Persoonlik voel ek aan dat die gemeente in ons tyd deur die Woord en Gees moet ontwaak. Die diens van predikant, ouderling en diaken moet hier saamwerk. Goeie christen- en gereformeerdwees moet nie net uit kerkbesoek, kerklike bydrae en geen-sondeteen-die-sewende-gebod blyk nie. Goeie christen- en gereformeerdwees moet ook straal uit lewende betrokkenheid by die diens van diaken. Die diaken moet weer op sy beurt werklik betrokke wees by die diens (lewe) van elke christen. Hy moet met sy diens as

diaken die gemeente (gelowiges) immers opbou (Ef. 4).

4.7. *Imperium van eenvormigheid.* Ek gaan nie op praktiese wenke verder in nie. In die jongste publikasie van die Konferensie van Diakens is daar reeds meer as genoeg riglyne om mee te begin. Ons moet ook wegkom van die idee dat alles altyd eners en „gesentraliseerd" moet gebeur, dat daar net een „manier", of een „adres" of een reël oral en altyd geld.

Indien ek vir „vandag" iets moet uitlig en prioriteit verleen, sou ek die behoeftes binne die hele jong Gereformeerde kerkfamilie duidelik wou onderstreep. Daar loer behoefte en nood van emeritus-predikante versorging af tot by die lewe van talle enkelinge toe om die deur. Daar is menslike behoeftes wat saamhang met sake soos roepingsbesef, gesinsbou en verantwoordelike versorging, opbou van eie lande, onkunde ten opsigte van Westerse ekonomiese, tegniese en industriële standaarde, onderwys eie aan christelike lewensbeskouing, onvermoë om eie ondernemings en eie werkverskaffing van die grond te kry ens. Afgesien van geldelike hulp kan mede-gereformeerdes dus ook al baie ander vorme van hulp en advies in hierdie nood aanbied.

Daar is diakonieë van jong kerke met groot probleme maar sonder fondse en moontlik selfs sonder kennis van hoe om hulp, te bestee — en veral kennis om so te bestee dat die evangelie trek sonder dat brood koop. Daar moet dus in kerkverband vanaf die plaaslike vlak met finansies, gawes, maar veral ook met raad en daad die hand gevat word van die jong kerke wat kultureel 'n eie identiteit besit, maar ook deur Christus op ons weg as „huisgenote van die geloof" geplaas is. In hoeverre is hulle (en „ons") betrokke by die dinge wat agitators sonder meer aangryp en op verantwoordelikheid van die „blanke" en „regering" plaas, terwyl dit in wese hulle verantwoording is?

4.8. *Is 'n GES-diakonaat nodig?* Op die jongste Geref. Ekumeniese Sinode het die GKN en die CRC van die VSA, inligting gegee oor hulle diakonale aktiwiteite van hoe en waar hulle hulp verleen. Die GKN gooi hom met sy ADB grootliks agter die Wêrelddiakonaat van die WRK in, terwyl die CRC meer selfstandig, genuanseerd en kerklik optree. Gemeenskaplik aan hierdie hulpaksies is hulle aanslag om die groot kloof tussen ryk en arm, van kerkweë te probeer verklein.

Die CRC van Australië het versoek dat die GES ook 'n sentrale liggaam vir hulpverlening in die wêreld moes stig. Die beginsel is dat die wêreld deur sonde gebroke is; dat God oor die wêreld regeer en dat Hy Hom met die mens na liggaam en siel bemoei.

Tog het die GES tereg besluit om nie ook 'n soort Geref. Wêrelddiakonaat te stig nie. Die GES het beklemtoon dat die evangeliewoord met die daad van liefde en reg gepaard moet gaan, anders is die christelike getuienis hol en leeg. Die skepping van 'n afsonderlike finansiële (diakonale) GES Hulpburo sou eintlik die liggaamlike hulpverlening losmaak van hulp-verlening in geestelike behoeftes, soos gebeur met die noodleningsaksies van die WRK. Die eenheid van die mens vereis hulpverlening in eenheid van woord en daad. Die ryke omvang van Christus se verlossingswerk in die wêreld

moet gelyktydig stoflik en geestelik uitgedruk word. Die kerke binne die GES moet dus self diakonale opheffingswerk in nou verband met die evangelieprediking doen. Kleiner kerke wat egter na buite organe soek, kan deur die GKN die Wêrelddiakonaat of die werk van die CRC met sy CR World Relief Committee steun. Laasgenoemde wil nie oral op wêreldrampe afstorm met geldelike (materiële) hulp nie, maar veral die onderliggende oorsake van epidemies, armoede en menslike ellende aanpak.

'n Mens moet verwag dat die GES nou toenemend met die vraagstuk van die „kerk en sy sosiale roeping" te doen gaan kry. Die linkse strategie sal die kerk so probeer betrek by die maatskaplike rewolusie. Met „kerk" bedoel hulle vandag eintlik slegs die „struktuur" soos beliggaam in 'n gesentraliseerde regspersoonlikheid. Die WRK het immers programme, soos bv. die PCR. Die vraag gaan gevra word: Wat doen die Geref. Kerke?

4.9. *Gebrek aan beplanning.* Die leemte vandag by talle diakonale vraagstukke, plaaslik en in wyer diakonale verband, lê in die *gebrek aan beplanning.* Diakonale werk verloop omtrent lukraak gedurende die jaar, hang af van briewe en aansoeke wat mag inkom en neem derhalwe 'n reagerende karakter aan. Behoorlike diakonale beplanning, plasing van prioriteit en goedberekende *programme* (wat mekaar jaarliks kan afwissel) is vir elke plaaslike diakonie nodig. Dit sal vanself lei tot organiese verbande tussen plaaslike diakonieë om werk te doen. Die werk moet die struktuur-ontwikkeling dra — en nie strukture die werk bepaal nie. Die mooiste en gereformeerdste inrigting van diakonale organe waarborg nog nie 'n skrifgetroue en aan Christus-verantwoorde diakendiens nie.

## 5. Slotsom

5.1. *Eietydse uitdrukking van diakendiens.* Die teoretiese besinning oor die diens van diaken is noodsaaklik. Dit mag egter nie daartoe lei dat daar 'n „werkloosheid" onder die diakens posvat nie. Die besinning wys dan ook in die jongste tyd duidelik uit dat die diens van diaken vandag sy eie uitdrukking moet vind en dat dit 'n sleutelrol in die konfrontasie van die kerk van Christus met die oprukkende neo-marxisme, marxisme en Maoisme moet vervul. As die diakens aan die slaap gevang word, sal hulle weldra ook soos Europese diakonale organisasies 'n bondgenootskap, vennootskap of agterryersooreenkoms met die noodleningsaksies van die dier uit die aarde, die valse „kerk", moet aangaan wat 'n utopia op aarde sonder Christus verkondig.

5.2. *Diakendiens het te doen met wese van kerk-wees.* Die diakens moet die gemeenskap van die heiliges, die wese van kerkwees, in, vir en van die gemeente wat van God se barmhartigheid en van Christus se liefde leef, aan die lig laat tree.

5.3. *Diakendiens moet religieus gedra word.* Die individuele diaken voel vandag 'n diep kloof tussen wat die Bybel hom leer en die praktyk waarmee hy in sy diens te doen kry. Hy voel meer dikwels dat hy 'n gewoonte en kerkstruktuur in die diakonale same-

komste uitleef. Hy kry weinig religieuse bevrediging en sien weinig verband tussen waarmee hy besig is en die Skrif. Innerlike bewoënheid, inspirasie en motivering kom moeilik tot die deursnee diaken oor. Hy kan hom moeilik identifiseer met die dinge wat op die agenda voorkom. Dit lyk meer dikwels ver, vaal en triviaal. Die diakendiens moet uit die religie spruit, dit uitdruk en so die evangelie uitdra.

5.4. *Diakendiens moet geïntegreer wees in kerk-wees.* In die praktyk vervang die diaken(s) helaas te veel die individuele christen in sy roeping om barmhartigheid te doen. Die lidmaat dra nog net 'n stereotipe kollekte af aan die diaken. Die diaken word weer dikwels verplaas deur die staat, welsynsorganisasies, „sinodale deputate", „besture" van welsynsinrigtings. Alle inisiatief en besluitneming word hom ontneem. Hy voel hom slegs betrokke by 'n „verdeling", gemotiveer deur beskikbaarheid van fondse en nie deur behoefte nie. Die diakonale aktiwiteit sentreer derhalwe grootliks in „funksionarisse" van die „diakonie" en nie in die diaken en gemeente nie. Die diens kan slegs bloei wanneer die hele gemeente daarby betrokke is.

Elke diaken moet derhalwe begin om homself te vra: Waarom is ek 'n christen? Is ek 'n gemotiveerde gereformeerde christen? 'n Soldaat van Jesus Christus vir die koninkryk en heerskappy van Christus, in diens teen die koninkryk van materialisme en heerskappy van die wêreld? Eers dan kan die vraag beantwoord word waarom hy diaken is.

Diaken-wees moet eie en ander se christenwees bevorder as 'n gemeenskap van en diens aan Christus in hierdie wêreld. Dit moet die gawes „uitdeel" wat nodig is om reeds hier op aarde vir God te lewe.

5.5. *Diakendiens moet geïntegreer wees in die koninkryk.* Juis die diakens moet vandag in die kerk uitstap as die storm- en skoktroepe om onder die jong kerke hulp te bied sodat die koninkryk van God onder hulle kom. Hulle lê nie meer vasgevang in primitiewe heidendom nie, maar word juis gejag om gebruik te word sodat die antichristelike wêreldheerskappy van internasionale marxisme gevestig sal word. Gehoorsaamheid aan Jesus Christus verg dat wit, bruin en swart diakens saam die gemeentes van die Here sal lei in onderlinge diensbetoon en gemeenskaplike weerstand teen die Antichris.

Prof. B. Spoelstra.

*(Gelewer voor 'n konferensie van diakens in Transvaal, 25 Sept. 1976)*

---

1 Vgl. ds. P. J. Pelser: Die skakeling deur die diakonie en buite-kerklike instansies. Gepubliseer: Konferensie van Geref. Diakens in Tvl. en OVS, 1971, p. 36. Die tema van „werkloosheid" klink taamlik algemeen op in die besinning oor die diakendiens.

2 Vgl. dr. K. S. van Wyk de Vries: Die Scopus van die diakonaat, rede voor konferensie van diakens van Pretoria 17.2.75, gepubliseer deur Geref. Kerk Pretoria-Oos, Maart 1975, p. 5.

3 Vgl. F. H. von Meyenfeldt: De Diaken als componist der Gemeenschap, 's Gravenhage, 1955. Vgl. GKSA, Sin. Acta 1964, p. 392 e.v.; ibid., 1970, p. 388 e.v. J. C. Coetzee: Enkele Skrifgegewens oor die Diakenamp, In die Skriflig, Nr. 4, bls. 44 e.v. A. J. du Plessis: Die diens van die Diakens: 'n Eksegetiese en prakties-toepassende verkenning, in idem., nr. 9, p. 17 e.v. J. C. Coetzee: Stoflike versorging in die NT Kerk — waarheen lei dit in ons ondersoek na die diakenamp? In idem., nr. 9, p. 27 e.v. K. S. van Wyk de Vries, t.a.p.

4 Vgl. ds. J. J. de Jager: Marxisme en die diaken, gepubliseer in Konferensie van Diakens in Transvaal, 1974, 75, p. 65 e.v.

5 Vgl. GKSA Acta 1976, p. 617, pt. 8. Waar alle ander deputate by die naam genoem is, kom hier terme soos „predikante" en „een diaken uit elk van die ses kerke" by 'n drietal name voor.